## HISTORIESE BESEF

MET hierdie uitdrukking ontmoet ons twee bekende woorde wat 'n saak moet aandui wat by die eerste ontmoeting 'n heel voor die handliggende saak skyn te wees. Tog moet ons daarvoor gewaarsku word dat dit nie so 'n voor die hand liggende saak is nie en dat by nadere ontleding daarvan ons wel 'n bekende saak teëkom, maar nou in meer bewuste gestalte. Insake die plek wat Geskiedenis moet inneem in die lewe van die mens haal ek hierdie woorde aan van dr. A. A. van Schelven in sy werk: „Wegkruisigingen in het landschap der theorie van de geschiedschrijving", t.w. twee sitate:

(1) „Geen denkend mensch ontkomt in de loop van het proces zijner bewustwording aan de noodzaak zijn standpunt tegenover de geschiedenis te bepalen . . ." (p. 9).

(2) „Dit is het contact, dat tot stand komt op het moment waarop de betrokkenes het verleden begint in te zien als niet alleen maar ‚de verhalen uit het geschiedenisboekje' of ‚gebeurtenissen die achter de rug zijn', maar als het geheimzinnige kracht, die heden en toekomst beheerst; anders gezegd: als een factor die een plaats in ons levensvisie opeischt. Het zij bij dat doel qua benauwende, verlammende dreiging, het zij als bemoedigende, belofterijke zonneschijn" (p. 9).

Die uitdrukking „historiese besef" bring ons op die terrein van die geskiedenis in sy wydste en mees omvattende sin en dit maak dit noodsaaklik om hier 'n inperking van die terrein aan te dui. Met hierdie doel voor oë word dit dan afgebaken tot die Historiese besef in die lewe van die gelowige veral met die oog op die kerkgeskiedenis en die Vaderlandse geskiedenis. Maar die klem sal hier beslis op kerkgeskiedenis val.

Wat verstaan ons onder „Historiese besef"? Op hierdie stadium volstaan ons met die nadere omlyning wat dr. K. J. Popma in sy werk „Calvinistische geschiedenisbeschouwing" daarvan gee: „Men spreekt van historisch besef en verstaat daaronder een weten, waardoor de mensch eenig fundamenteel inzicht verwerft in de historie, gebaseerd op een overzicht over de geschiedenis in haar verloop en eenheid en leidend tot het resultaat, dat hij die dit weten bezit en geregeld verzorgt, ziet waar hij heen gaat en weet waar hij staat in de geschiedenis".

Om hierdie omlyning van die saak nader te bring, sal dit nodig wees om hier aandag te skenk aan 'n paar begrippe wat wel goed bekend is, maar tog vandag 'n aksent ontvang wat vir die regte evaluering van „historiese besef" van belang is.

### (1) Die begrip historie of geskiedenis

Die noodsaaklikheid om so 'n algemeen bekende begrip soos geskiedenis nader aan te dui spruit voort uit die feit dat in die proses van sekularisering wat nog steeds aan die gang is in die wetenskaplike wêreld die begrip historie ook so radikaal aangetas word dat dit

nie meer dieselfde omlyning verkry as voorheen nie. Geskiedenis is deur die Christen besien as die opeenvolging van gebeurtenisse, waarvan die begin en die einde in die Heilige Skrif geopenbaar is en waarvan die werk van Christus in die middelpunt staan, sodat die ontwikkeling van die dinge hierdie belangrike feit nie uit die oog mag verloor nie. As gevolg van hierdie siening van die geskiedenis is die samehang, plan en doel daarvan in die nouste verband met God besien, want deur die gang van sake is die volvoering van sy Raadsplan daardeur bekend gemaak. Onder invloed van die Eksistensialisme egter het 'n splinternuwe visie op die geskiedenis begin posvat. Prof. dr. M. C. Smit wys in sy rede „Het Goddelijk geheim in de Geschiedenis" op hierdie feit naamlik dat die sin van die geskiedenis deesdae heeltemal intra-mundaan (aardsgebonde) gesoek word en hoewel die begrip wêreldgeskiedenis nog gebruik word, is dit tog sonder die erkenning van 'n transhistoriese eenheid in die wêreldgeskiedenis soos dit vroeër gekulmineer het in God. En as Smit daarop wys hoe die Franse skrywer Mercea Eliade selfs praat van die „Terreur van die geskiedenis", dan is dit omdat die mens sig altyd meer en meer gaan gevoel asof hy teenoor 'n vreemde mag staan wat hom bedreig, ook wanneer dit gevul is met die veel belowende moontlikheid en progressie. Smit sê dan verder: „De geschiedenis spreekt hem niet meer aan en de mensch herkent er zichzelf niet meer in. Uit deze innerlijk vreemde stroom der geschiedenis kan hij niet loskomen, omdat hij zelf wezenlijk historie is. Het enige dat hy kan doen is pogen zich in het existentiële ogenblik los te maken uit de historische relativiteit voor een absolute waarde. De stroom der historie blijft, doch slechts als een secundaire werkelijkheid en de mensch blijft door haar als door een gevangenis omgeven" (p. 22).

Op die vraag hoe so 'n bedreiging vanuit die geskiedenis dan tog moontlik is, word geantwoord dat dit wel gaan oor feite en as 'n historiese feit geken moet word, kan dit alleen geskied deurdat die historikus hom nie as tot 'n geïsoleerde atoom in die historiese werklikheid wend nie, maar tot 'n gegewenheid wat met tallose verbande opgeneem is in 'n groter geheel. Hy probeer dan om die kousale verhoudinge in die geskiedenis op te spoor of hy probeer om vir hom rekenskap te gee van die gekondisioneerdheid van die historiese verskynsels. Die mens word egter nie net van buite af gekondisioneer deur 'n netwerk van ekonomiese, politieke, sosiale, godsdienstige, fisiese e.a. oorsake nie, maar ook sy denke en handele is van binne-uit bepaal o.a. deur sy psigiese struktuur. Bowedien gaan van 'n aldus gekondisioneerde historiese gebeurtenis met die mens as handelende persoon, weer werkinge uit na ander omstandighede en historiese eenhede. Die resultaat waartoe die geskiedeniswetenskap, saam met ander wetenskappe, geraak is dat die dinge, die gebeurtenisse en die mense nie slegs selfbepalende faktore is nie, maar dat hulle ingesluit, opgeneem en gerig is deur 'n magtige geheel van kragte en magte, van strukture en ordeninge. Sodoende is langs suiwer wetenskaplike weg tot die resultaat gekom dat die mens ingeklem sit tussen faktore, invloede en ordeninge, ten dele kenbaar, ten dele onkenbaar, ten dele rasioneel, ten dele irrasioneel.

Dit is nou die bedreiging wat daar van die loop van die geskiedenis uitgaan; dit is die verskrikking van die geskiedenis waarvan Eliade gewag gemaak het. Smit stel dit so: In die Christelike visie op die geskiedenis is daar ook historiese feite, hulle samehange, hulle skynbaar onontkombaarheid, maar daarin is, dikwels ternouernood, die besef dat nie die historiese feite self die mag het nie, maar dat hulle deur God geponeer word en daardeur in 'n sinvolle goddelike plan opgeneem is. Maar hierdie gerusstellende feit gaan heeltemal verlore in die gesekulariseerde denke, waarin die feite 'n sin van mag het wat eenvoudig in die omstandighede bestaan. Smit laat hom oor hierdie visie op historiese feite kragtig soos volg uit: „Zij laten zich in hun eigenzinnig bestaan gelden ten aanzien van andere feiten, en ook ten opzichte van de mens; ze zijn autonome krachtcentrales uitgerust met een apparatuur welke — het zij met eerbied gezegd — eigenlijk alleen aan God toekomt; ze zijn machten welke op mensen en dingen toekomen langs de wegen van causaliteit en beïnvloeding en in hun mysterieuse anonimiteit hun overweldigen en aan zich dienstbaar maken" (p. 25).

Die vrees vir die geskiedenis kom nie op uit die kwaad in die gangbare sin nie, maar uit die feit dat die mens onderworpe is aan die historiese gang van die dinge. Hieruit blyk dit baie duidelik dat as die elemente van die wêreldorde en die strukture weggeneem word of losgemaak word van die betrekking tot God, dan is wat oorbly dinge in hulle eiewaarde en selfbepaling en in hul sin in sigself. „De dreiging van de geschiedenis voor de mens vindt haar oorsprong in diens vervallen zijn aan de historiciteit en uit de hieruit resulterende vervreemding van de mens van de geschiedenis" (Smit: a.w., p. 23).

As die geskiedenis op hierdie wyse toegerus is, ervaar die mens dit in toenemende mate as 'n vreemde en vyandige wêreld.

Dit was nodig om hierdie nadere aanduiding van die moderne historiebegrip te bied, omdat as dit die visie op die geskiedenis is, dit vanselfsprekend 'n radikale verandering in die „historiese besef" te weeg moet bring. Maar die kern van „historiese besef" is dat die mens wat kennis het van die verlede en daardeur insig verkry het in die hede, 'n gerusstellende mag daaruit moet voel opkom, spreek dit nou vanself dat as die geskiedenis vir die mens so 'n bedreiging inhou, hy dit met 'n heel ander gesindheid benader as om hom daardeur te laat lei ten opsigte van sy toekomsbeplanning.

## (2) Die begrip kerkgeskiedenis

Dit mag eienaardig klink dat so 'n bekende begrip soos kerkgeskiedenis ook aandag moet geniet. En tog is dit nodig in hierdie verband, want daar word ernstige bedenkinge teen die naam ingebring, wat nou wel nie op bovermelde spoor gaan nie, maar tog invloed mag uitoefen op die bepaling van die betekenis van „historiese besef". Die naam wat teenoor Kerkgeskiedenis gestel word, is Geskiedenis van die Christendom wat as naam vir hierdie vakwetenskap vanaf 1876 in Nederland vasgelê is in die wet op Hoëronderwys. Wat is

die besware teen die naam Kerkgeskiedenis ?

In die werk Inleiding tot de Theologische Studie onder redaksie van prof. dr. H. van Oyen is 'n hoofstuk opgeneem oor Kerk- en Dogmageskiedenis, geskrywe deur prof. J. Lindeboom en daarin word die besware teen die benaming Kerkgeskiedenis onder drie hoofde weergegee, wat, saaklik weergegee, hierop neerkom:

(i) Die kerk as waarneembare sigbare kollektiwiteit is van jonger datum as die Christendom, aangesien 'n instituut wat die inrigting vorm van die gemeentelewe, dus uitwendige openbaring van 'n inwendige eenheid, later kom as die inwendige. Daarby kom nog dat as gevolg van die verskeurdheid van die kerk daar 'n groot aantal institute naas mekaar bestaan, sodat dit moeilik is om 'n keuse te maak tussen die institute as van 'n vaste kerkbegrip uitgegaan moet word.

(ii) Verder as van één bepaalde kerk as openbaring en norm van kerkbegrip uitgegaan word, moet die ketterye buite rekening gelaat word by die bestudering van Kerkgeskiedenis. Dit sou dan 'n onreg wees aangesien sommige sogenaamde ketterye die waarhede suiwer bely het. Bv. die voorlopers van die Reformasie.

(iii) Dit is duidelik dat vir die hedendaagse besef die kerkgeskiedenis in baie noue verband met die algemene geskiedenis bestudeer moet word en dit kan makliker gebeur as gepraat word van Geskiedenis van die Christendom in plaas van Kerkgeskiedenis.

Hoewel dit nou nie hier met ronde woorde gesê word nie, is dit tog duidelik dat die groot moeilikheid in verband met die naam Kerkgeskiedenis gesien moet word in die begrip kerk. En dit word onomwonde deur Bakhuizen van den Brink en Lindeboom verklaar in die inleiding: „Hiertegenover betekens Geskiedenis van het Christendom ongetwijfeld een verbreeding en veelsins ook een verdieping. Zij bevat het prijsgeven van een aprioristosch confessioneel en dogmatisch standpunt..." (Handboek der Kerkgeschiedenis, deel I, derde hersiene uitgawe).

Hieruit blyk dit dus duidelik dat die begrip kerk 'n moeiliker naam is om mee te opereer as Christendom en gevolglik moet aan laasgenoemde voorkeur gegee word.

Nieteenstaande bogenoemde besware teen die benaming Kerkgeskiedenis moet ons dit tog bly handhaaf, omdat daar met sodanige naamsverandering veel meer op die spel is as net 'n ander naam. Verder gaan die naam Geskiedenis van die Christendom ook gedruk deur besware waarop ons nie hier in den brede ingaan nie, maar slegs op die volgende die aandag vestig:

(i) Met die gebruik van die woord Christendom in plaas van kerk word die studieobjek tot so 'n mate vervaag dat dit nie meer besien kan word as iets konkreets wat in die lewe aangewys kan word nie soos met die kerk as instelling nie.
As bv. in 'n land soos Suid-Afrika die geskiedenis van die kerk

bestudeer moet word onder die naam geskiedenis van die Christendom is daar bykans niks wat nie bestudeer sal moet word nie, want Christendom sluit hier in kerk, onderwys, kultuur, politiek ens.

(ii) Hierdie vae en onbelynde studieobjek sal nog te meer hinderlik wees as die beoefenaar juis van mening is dat die „aprioristies konfessionele" karakter behou moet word. Die begrip Christendom is so allesseggend en onbelynd dat dit moeilik die meer belynde begrip kerk kan vervang. Voeg hierby dat die sogenaamde „aprioristies konfessionele" begrip duidelik in die Heilige Skrif aangedui word en nie 'n menslike uitvindsel is nie. Wie dus die kerk nie meer besien soos dit duidelik in die N.T. geopenbaar is nie, sal ongetwyfeld makliker met die minder belynde begrip Christendom wil opereer in plaas van die begrip kerk soos ons dit vind in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27 waar ons lees: „Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël is deur die Heilige Gees . . ."

(iii) Die bewering as sou die Christendom daar was vóór die kerk is bepaald verkeerd en tereg het dr. A. Kuyper in sy Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid dit reeds weerspreek toe hy geskrywe het: „Op zichzelf toch is historie een afgetrokken begrip en ze bezit eerste realiteit, zoo ze de historie van iets concreets is. Dit concrete hier te nemen als Christendom, als de Christelijke idee, als het Koninkrijks Gods, of wat dies meer zij, ware onjuist. Immers de Kerk is niet uit het Christendom voortgekomen, maar het Christendom is in de wereld ingedragen en bevestigd door de Kerk" (Deel III, p. 260).

As die beoefenaar van die kerkgeskiedenis dus in aanraking kom met die pluriforme bestaan van die Kerk, sal hy genoodsaak wees om die Heilige Skrif as norm te gebruik by die beoordeling van skeuringe en afdwalinge en sekerlik nie sy eie norm probeer aanwend om 'n objektiewe oordeel te probeer formuleer nie. Hy sal ook sekerlik aandag moet skenk aan sg. ketterye, want die omstandighede, waaronder die botsings plaasgevind het, moet tog noukeurig ontleed word anders is dit tog nie 'n objektiewe weergawe van die belewenisse van die kerk nie.

Wat die bewering dat kerkgeskiedenis in noue verbinding met algemene geskiedenis beoefen moet word, is dit sekerlik waar dat daar raakpunte voorkom en ook aandag moet geniet. Maar dit wil tog nie sê dat die bestudering van die geskiedenis van die kerk as sigbare instituut so iets onmoontlik maak nie en dat dit juis nodig is om te praat van Christendom ten einde hierdie sy van die saak te bevorder nie. Wie die geskiedenis van die kerk in 'n land bestudeer, moet natuurlik ook aandag skenk aan die algemene geskiedenis van daardie land.

Ook hierdie nadere verduideliking was nodig ten einde die begrip historiese besef nader tuis te bring, want as die geskiedenis van

die Christendom bestudeer moet word in plaas van die van die kerk sal dit 'n veel moeiliker taak wees om 'n oorsig daarvan te bekom om insig daaruit te verkry vir die hede as wanneer die geskiedenis van die kerk aandag moet geniet.

As nou verder aandag geskenk word aan die begrip „historiese besef" soos vooraf beperk, is dit duidelik dat die begrip „historie" hier besien word in die bekende omlyning volgens die westerse beskawing en begrip kerk soos dit gewoonlik in die alledaagse lewe voorkom maar soos dit tog hierbo nader aangedui is ter wille van moontlike misverstand aangesien die woord „kerk" in soveel verskillende betekenisse gebruik word.

## (3) Die begrip historiese besef nader ontleed en toegepas

Ter wille van die saak word die omlyning van die begrip historiese besef hier weer herhaal: „Men spreekt van historisch besef en verstaat daaronder een weten, waardoor de mensch eenig fundamenteel inzicht verwerft in de historie, gebaseerd op een overzicht over de geschiedenis in haar verloop en eenheid, en leidend tot het resultaat, dat hij die dit weten bezit en geregeld verzorgt, ziet waar hij heengaat en weet waar hij staat in de geschiedenis".

Uit hierdie nadere aanduiding kom dus 'n paar elemente na vore wat duidelik onderstreep moet word, voordat ons daarmee na die lewensvlak gaan om die betekenis daarvan aan te dui.

### (a) *Historiese besef is 'n wete waardeur insig verwerf is*

Aangesien „historiese besef" gebaseer is op kennis wat langs die weg van studie verwerf is, is dit nodig dat ons die karakter van kerkgeskiedenis ietwat nader moet ondersoek. Dit het nou reeds geblyk dat die Christelike opvatting van die geskiedenis aangedui kan word „as die opeenvolging van gebeurtenisse self of die verhaal, die beskrywing van die gebeurtenisse waarvan die begin en die einde in die heilige Skrif geopenbaar is en waarvan die werk van Christus in die middelpunt staan". Aangesien die aanduiding op sowel kerkgeskiedenis as algemene geskiedenis van toepassing is en daar slegs later enige veranderinge aangebring sal moet word om die ware karakter van kerkgeskiedenis te omlyn, kan ons hier die aandag op sekere onmisbare elemente in die begrip geskiedenis vestig.

#### *Geskiedenis as eenheid*

By die lig van bogenoemde aanduiding van die begrip geskiedenis is ons geregtig om die geskiedenis te besien as 'n eenheid wat volgens skeppingsordinansies as 'n geordende geheel sal verloop.

#### *Geskiedenis as 'n kunstige bouwerk*

Waar geskiedenis volgens 'n geordende plan sal verloop kan dit besien word as 'n kunstige bouwerk wat wel baie gange en draaie vertoon maar volgens die plan van die ewige Argitek, God, deur die eeue heen voltooi sal word. Veel is daar wel wat ons nie kan begryp

en verklaar nie, maar die dag sal wel aanbreek dat alles in sy grootsheid as 'n goddelike kunswerk geken sal word.

*Geskiedenis as 'n proses van vervulling*

Op grond van die voorafgaande kan met reg gepraat word van die *verloop* van die geskiedenis aangesien die afrondingsproses eintlik neerkom op 'n vervulling, sodat daar 'n ononderbroke voortgang en onherroepelike proses in die geskiedenis is. Dit blyk baie duidelik uit die volgende aanhaling: „De wereldgeschiedenis toch geeft de ontwikkeling van het menschelijk leven met al de natuurlijke gaven en krachten die daarin verborgen liggen; ze toont ons hoe, niettegenstaande de afval van God, de algemene genade dat leven in stand houdt, ze vindt haar telos in het wereldgericht dat God over de wereldgeschiedenis houden zal (dr. H. H. Kuyper: Het Gereformeerde beginsel in de kerkgeschiedenis, p. 27).

(b) *Veranderinge noodsaaklik ten opsigte van kerkgeskiedenis*

Dit het reeds geblyk dat enige veranderinge aangebring sal moet word om die ware karakter van kerkgeskiedenis te omlyn daarom word hier nou op die volgende geattendeer. In bogenoemde werk van dr. Kuyper stel hy die saak van kerkgeskiedenis soos volg: „Maar de kerkgeschiedenis toont, hoe God uit datzelve gevallen menschelijk geslacht zich een gemeente heeft uitverkoren, de nieuwe menschheid onder Christus, als haar Hoofd; hoe zijn bijzonder genade trots alle aanvallen van Satan en afwyking in eigen boezem, die Kerk alle eeuwen door in stand houdt; en ze wijst op een telos dat niet in het wereldgericht ligt maar juist door het wereldgericht in de eeuwige heerlijkheid bij God" (Kuyper, a.w., p. 27).

Omdat ons by die studie van kerkgeskiedenis ook met geskiedenis in die ware sin van die woord te doen kry, sal dit vir ons dus ook dié wees van 'n eenheid wat as geordende geheel 'n weerspieëling bied van die goddelike plan van die groot Argitek en wat deur die eeue heen 'n ontvouing was van die Raadsplan van God.

Maar aangesien die Kerk nie 'n gewone menslike vereniging is nie, maar 'n goddelike instelling, sal die geskiedenis daarvan ook 'n besondere karakter vertoon. As sigbare instituut op aarde beweeg die Kerk tog op die terrein van die Besondere genade en sal die diep-wegskuilende idee of telos agter die belewenisse van die Kerk nagespeur moet word om sodoende die ideologies-genetiese karakter van die afsonderlike feite op te spoor en die hele feiterelaas in verband met die bestaan van die Kerk in sy regte perspektief geplaas te kry.

As „historiese besef" dus 'n wete is, waardeur die mens fundamentele insig verkry in die geskiedenis, gebaseer op 'n oorsig van die geskiedenis in haar verloop en eenheid, dan is dit wel deeglik moontlik dat die studie van die geskiedenis van die Kerk sodanig „historiese besef" kan bewerkstellig. Dit is moontlik om die verloop van die historiese gebeurtenisse na te speur en sodoende insig te verkry wat voortspruit uit 'n oorsig van die geheel van die be-

lewenisse.

Maar „historiese besef" in hierdie verband kan ook verkry word as die Vaderlandse geskiedenis bestudeer word en dit kan ook moeilik anders, want as 'n studie van die Kerk in die Vaderland onderneem word, kan dit moeilik voltooi word sonder om ook kennis te maak met die algemene geskiedenis van die betrokke land. Deur dit te doen sal dit dus moontlik wees om gelyktydig 'n insig te verkry in die historiese verloop van die gebeurtenisse wat die Kerk en die Vaderland raak. Maar die resultaat van sodanige onderneming sal ook nie uitbly nie en dit is die verdere deel van „historiese besef".

(c) *Die voordele verbonde aan „historiese besef"*

In die verdere omlyning van hierdie saak stel Popma dit soos volg: „. . . en leidend tot het resultaat, dat hij die dit weten bezit en geregeld verzorgt, ziet waar hij heen gaat en weet waar hij staat in de geschiedenis".

Historiese besef sal dus deeglik met die lewenspraktyk te doen kry, want die kennis van die gang van sake in die verlede, sal 'n gedurige prikkel wees om meer daarvan te weet; om op hoogte van sake te bly en daaruit sal dan veral twee belangrike voordele te voorskyn kom:

(i) *Sien waar hy heengaan*

Kennis van sake stel die persoon in staat om insig te verkry in die verloop van sake; om die gebeurtenisse te evalueer en te interpreteer en op grond daarvan 'n duidelike standpunt oor sake daarop na te hou.

(ii) *En weet waar hy staan in die geskiedenis*

Een van die verwagtinge van die lewe is dat die mense in staat moet wees om rekenskap te kan gee van hulle huidige posisies. Op kerklike gebied is dit veral belangrik omdat ons in 'n sondige en onvolmaakte wêreld lewe en verskille gedurig aan die lig tree, word van kerkmense verwag dat hulle kennis van sake moet hê aangaande die verloop van die kerklike lewe en dus in staat kan wees om rekenskap te kan gee van hulle lidmaatskap nie alleen nie maar ook van die hele kerklike konstellasie. Hulle moet dus rekenskap kan gee van hulle lewenshouding en lewensposisie. Dit geld nie uitsluitlik vir die kerklike lewe nie, maar sekerlik ook van die burgerlike sy van hulle bestaan. Kennis van die geskiedenis van hulle land sal hulle in staat stel om rekenskap te kan gee van die politieke sake en nakoming van sekere burgerpligte.

(iii) *Historiese besef bring „taakbesef"*

Popma vestig in die reeds aangehaalde werk ook nog die aandag op hierdie belangrike saak met die volgende woorde: „Het historisch besef is dus een voorwaarde van ons taakbesef; want onze taak is steeds een taak in de geschiedenis".

Hierdie belangrike saak vloei voort uit historiese besef en waar van die mens verwag word dat hy rekenskap sal kan gee van sy lewenshouding en lewensopvatting, daar kan met eweveel reg van hom verwag word dat hy 'n grondige besef sal besit van die taak wat aan hom of haar opgelê is.

(d) *Die waarde van „historiese besef" vir gelowiges*

Ons gaan van die stellige gedagte uit, geleer deur die Heilige Skrif, dat elke gelowige 'n roeping het wat hy of sy moet vervul. Naas hierdie algemene roeping is daar natuurlik ook nog ander besondere roepings, soos dié van die ampte byvoorbeeld.

Aangesien ons hier die hele sfeer van die praktiese lewe moet betree en die moontlikhede dus bykans onoorsienbaar is, sal ons hier moet volstaan deur slegs enkele bane aan te dui waarin die „historiese besef" tot groot nut kan strek. In aansluiting by die kategismusantwoord op vraag 32: „Waarom word jy 'n Christen genoem?" beklemtoon ons hier die drievoudige ampsgedagte van elke gelowige, nl. profeet, priester en koning.

*Die roeping as profeet*

Hier kom die woorde van die Here Jesus kort voor sy hemelvaart in die gesigsveld: „... julle sal My getuies wees..." As profeet moet die gelowige sy Naam bely en om dit te kan doen moet daar kennis van die Naam wees asook alles wat daarmee in verband staan. Hier ontmoet ons dus weer die „wete" en „insig" in die gang van sake rondom sy Naam. Dus historiese besef sal ook in hierdie verband die gelowige in staat stel om die gang van sake te beoordeel en duidelik te begryp wat van hom of haar in hierdie verband verwag word ook met die oog op die toekoms. So sal uit die historiese besef die taakbesef helder uitkristalliseer.

*Die roeping as priester*

In die bovermelde kategismusantwoord kom hieroor die volgende voor: „Myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy..." Vir die gelowige lê die offerweg dus oop om sodoende sy priestertaak te volvoer. Die grondtoon van die lewe moet daarvan getuig dat dit 'n „dankoffer" moet wees. Dit is wel maklik gesê maar nie so maklik om uit te voer nie. Maar ook hier sal kennis van die geskiedenis van die Kerk die gelowige in staat stel om insig te openbaar en 'n duidelike besef te hê wat van hom of haar verwag word. Die offers wat in die verlede gebring was spreek uit die geskiedrolle 'n baie duidelike taal. Maar vir wie met die geskiedenis onbekend is, is die sprake verlore, omdat dit nie verstaan word nie. Daarteenoor kan diegene wat „historiese besef" het die volle voordeel daaruit trek, ook die kragtige inspirasie daarvan ondervind en dus met duidelike insig doelbewus optree.

*Die roeping as konings*

Daarvan sê die kategismusantwoord: „Om met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel te stry..." Die

begrip koning het vir ons eintlik vreemd geword, ons ken so iets nie. Tog is aan hierdie roeping, volgens die kategismus, nie net stryd verbonde nie, maar ook verheerliking en dit kom uit in die woorde „...en hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer".

Dit is bepaald 'n moeilike roeping hierdie, want die grootste deel van die stryd moet in eie boesem gestry word om daar die sondeneiginge te oorwin en pas daarna in die openbaar strydend op te tree. Maar ook in hierdie stryd moet „historiese besef" die gelowige in staat stel om sterk te staan in die wete dat Christus, die Koning, die stryd vir sy volk in beginsel reeds klaar gestry het. En in besondere mate geld die woorde van Popma hier — en weet waar hy heen gaan. Dit is die einddoel van die lewensworsteling nl. oorwinning saam met Christus en dus ook verheerliking saam met Hom.

Langs hierdie bane kan ons die betekenis van „historiese besef" in die kerklike lewe verwesenlik sien en sodoende voortgelei word om deur Gods genade te kan sê: Soli deo gloria!

Maar dit is nie al nie, met die nodige veranderinge kan ook die voorgaande toegepas word op die lewensgang van die gelowige as burger(es) van die land. Daardie drievoudige baan geld ook vir die breë lewensvlak en as daar kennis van die geskiedenis is sal die historiese besef ook meehelp om doelbewuste burgers(esse) te wees en wat nog meer is om op alle lewensterreine 'n baie duidelike „taakbesef" te openbaar.

(e) *Historiese besef in die optrede van die predikant*

Waar die predikante gedurende hulle teologiese studie deeglik kennismaak met die kerkgeskiedenis en op grond daarvan dus *kennis* het van die gang van sake van die Kerk deur die eeue, asook besonderlik kennismaak met die vaderlandse kerkgeskiedenis, kan ons veronderstel dat historiese besef by hulle wel deeglik aanwesig is en daarom uitgaande van die gedagte dat taakbesef voortspruit uit historiese besef ook veronderstel dat hulle 'n goeie taakbesef het. Op grond hiervan kan ons kortliks die aandag vestig op twee sake waartoe hulle wel in staat behoort te wees.

(i) *Onderrig in die katkisasie*

Voortvloeiende uit hulle taakbesef kan hulle baie goeie aandag skenk aan die onderrig van Kerkgeskiedenis in die katkisasie. Daar word hulle in staat gestel om die verbondskinders in te lei in die historiese loop van die bestaan van die Kerk, sodat hulle op grond daarvan historiese besef kan bekom. Daaruit sal dan die groot voordeel voortspruit dat hulle taakbesef as gelowiges goed kan ontplooi.

(ii) *Geskiedenis as skoolvak*

Verder kan die predikante tydig en ontydig poog om Geskiedenis as vak weer in die skole tot sy reg te laat kom. Dit sal sekerlik interessant wees om na te gaan in hoever die swak taakbesef, waaroor

in die later tyd so gekla word, toegeskrywe moet word aan gebrekkige historiese besef en dit omdat Geskiedenis nie meer ten volle tot sy reg kom nie.

Prof. dr. J. P. Jooste, Potchefstroom.